

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-1:11 (26:11)**

11 Ons het, o HEER, u wet weerstrew, / genade is al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Skrifberyming 1-1:1 (24:1)**

1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy  
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.  
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,  
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.

Gebed

## **Skrifberyming 5-2:5 (7:5) (wysie Psalm 147)**

5 Terwyl ons op die dwaalweg gaan, / storm al ons sondes op Hom aan;  
maar Hy 't mishandel, neergebuk, / sy mond nie oopgemaak in druk.  
'n Lam, ter slagting heengelei, / so stil en stemmeloos was Hy,  
en soos 'n skaap voor wie hom skeer, / so stil en sonder teëweer.

Skriflesing: Openbaring 5

Teks: Openbaring 5; Kategismus Sondag 18

Op Patmos is Johannes in die Gees in die hemel. Hy sien en hoor onuitspreeklike dinge. Hy sien die Here Jesus Christus wat weggevaar het van die aarde af in sy heerlijkheid. Hy sien ook hoe die werk van Jesus Christus in vervulling gaan.

Kom ons kyk in hierdie preek na die volgende twee sake:

- 1. Die ewige Koning in die hemel**
- 2. Die ewige Koning se vertrek van die aarde af**

### **1. Die ewige Koning in die hemel**

Johannes sien dat daar in God se regterhand 'n merkwaardige boekrol lê.

- Gewone boekrolle is net aan die binnekant vol geskryf,
- Maar hierdie boekrol is aan die binne- en buitekant vol geskryf.
- Op die boekrol is God se beplanning van die wêreld en sy geskiedenis neergeskryf.
- Die betekenis daarvan dat die boekrol aan albei kante vol beskryf is, is om daarmee simbolies aan te toon dat die Here elke ding so deeglik uitgewerk het dat daar geen tyd of ruimte vermors is nie.

Die boekrol veroorsaak spanning in die hemel. Enigeen in die hemel of op die aarde word gedag om die seëls van hierdie boek oop te breek. Daar was niemand wat dit kon doen nie. Nie eers een van die magtigste engele het dit gewaag nie.

Johannes het verstaan wat dit beteken.

- As hierdie boek se seëls nie gebreek word nie, kan die wêreldgeskiedenis nie ontwikkel nie.
- Dit beteken dat die heerlijkheid van God nie aan ons geopenbaar kan word nie
- en dat die ewigheid na die dood, saam met die nuwe hemel en die nuwe aarde, nie sal kom nie.

Een van die ouderlinge het Johannes se aandag daarop gevestig dat die seëls tog gebreek gaan word.

- Daar was die Leeu wat dit gaan doen (v. 5).
- Toe Johannes opkyk, sien Hy dat dit nie 'n leeu is nie maar 'n Lam wat daar in die middel staan asof Hy geslag is.
- Dit beteken dat hierdie Lam tekens aan Hom gehad het omdat Hy gewelddadig doodgemaak is.
- Daarby het Hy nog 'n aantal ander merkwaardige eienskappe ook:
  - Hy het sewe horings.
  - Dit simboliseer volmaakte en Goddelike krag.

Die toepassing daarvan is dat Jesus Christus die Goddelikheid en krag het om regering uit te oefen oor alles wat in tyd en ewigheid gebeur. Daarom val almal in die hemel op hulle gesigte neer toe Hy die boek neem om dit oop te maak.

Hulle sing dan ook 'n lied waarin die vermoë van die Lam bevestig word:

***U is waardig om die boek te neem  
en sy seëls oop te maak,  
want U is geslag  
en het ons vir God gekoop  
met U bloed  
uit elke taal  
en volk en nasie.***

'n Praatkoor van al die engele en alle ander lewende wesens in die Hemel sluit daarby aan:

***Die Lam wat geslag is,  
is waardig om te ontvang  
die krag en rykdom  
wysheid en sterkte  
heerlikheid en lof.  
Aan Hom wat op die troon sit  
en aan die Lam kom toe  
die lof en die eer  
en die heerlijkheid en die krag  
tot in alle ewigheid  
Amen!***

Al hierdie dinge wat daar in die hemel gebeur, vat die oorwinning van Jesus Christus saam:

- Die feit dat Jesus sy lewe afgelê het, opgestaan het uit die dood en dat Hy daarna hemel toe gevaar het.
- Die Lam is op die aarde geslag, maar het toe na die hemel toe gegaan en daar is Hy 'n Leeu wat met krag en mag regeer.
- Uit die hemel bepaal en regeer Hy nou oor die wêreldgeskiedenis.
- Sy almag word ondubbelsinnig en duidelik gestel deur die feit dat almal in die hemel Hom aanbid, en aan Hom as die God van die geskiedenis die eer gee.

## 1. Die ewige Koning se vertrek van die aarde af

Die dinge wat in die hemel gebeur het, is meer as wat die mense van die aarde af kon sien tydens die Here Jesus se hemelvaart. Van die aarde af was dit so 'n eenvoudige gebeurtenis.

- Hy het voor die oë van sy dissipels opgevaar.
- 'n Wolk het tussen Hom en hulle ingeskuif.

Ons weet dat daar dinge was wat die mense nie gesien het nie, wat verskriklik was, naamlik dat

- die duivel en sy magte Jesus probeer aanval en vernietig het nadat die wolk Hom van die dissipels geskei het,
- en dat Mígael en sy engele teen die duivel uitgetrek het en hulle verslaan het.

Psalm 47:6 het al geprofeteer dat God opvaar met 'n gejuig; die Here vaar op met basuingeklank.

- Die basuin is in die Ou Testament geblaas om die aankoms van 'n koning aan te kondig,
- maar ook om oorlog en die aanval van die vyand aan te kondig.

Psalm 47 het al twee geprofeteer.

Die oorlog was aan die gang tussen Mígael, die aartsengel, en die duivel terwyl die hoogste Koning in die hemel aangekom het waar die engele en die geestesmagte gejuig en gejubel het oor sy oorwinning.

- Die Bybel openbaar daarmee hoe die lyde van Jesus oorgegaan het in sy oorwinning.
- Van die spot van die kruis af het Hy verander in die ewige Regter wat oor almal en alles gaan oordeel.

Voordat Hy kom as Regter doen Hy nog eers iets anders:

- Hy berei in sy koninkryk plek voor vir dié vir wie Hy aan die kruis die ewige lewe verwerf het.
- Dit is waarom ons bely dat Jesus ons ten goede in die hemel is.

In die koninkryk van God word die seën van Jesus Christus oor ons ten volle waar.

- Tydens sy aardse lewe het ons oral brokstukke daarvan gesien.
  - Hy het gedurig sy seën oor gelowiges – en daarmee oor die kerk – uitgespreek.
  - Dink aan wat Jesus alles gesê het: **Salig is hulle wat glo** en **Jou sondes is vergewe**.
- Lukas sluit sy evangelie met 'n beskrywing van die hemelvaart waarin die volgende staan: **En Hy het sy hande opgehef en hulle geseën. En terwyl Hy hulle seën het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem.** (Lukas 24:50, 51).

*Die seën van die Here Jesus Christus is dat ons soos Hy uit die dood opgewek sal word sodat ons met ons liggaam en siel – vrygespreek van sondes – in sy koninkryk sal ingaan met sy wederkoms.*

Ons leef in 'n tyd waar mense alles met die wetenskap wil verklaar.

- Tot elke wonder wat deur die Here gedoen is en in die Bybel opgeteken is, moet verklaar word.
- Dinge wat nie wetenskaplik verklaar kan word nie, word normaalweg verwerp.

Daarom is daar in ons tyd weer allerhande dinge aangaande Jesus wat in die spervuur kom.

- Die maagdelike geboorte word verwerp.
- Die opstanding uit die dood word nie aanvaar nie.
- Met die hemelvaart en Jesus se bestemming het die wetenskap geen raad nie. Daarom is daar groeiende ongeloof onder die mensdom oor die algemeen.

Dit is natuurlik so dat mens die liggaamlike opstanding en hemelvaart van die Here Jesus Christus net in die geloof kan aanvaar en verstaan.

- Daarom het dit ook net vir die gelowiges betekenis.
- Dit is net vir die gelowiges wat dit belangrik is om te weet wat met hulle gaan gebeur na hulle dood:
  - Hulle liggame gaan net soos Jesus s'n uit die dood opgewek word.
  - Hulle gaan met liggaam en siel – soos Jesus – in die koninkryk van God ingaan.

Die hemelvaart is 'n bewys van God se almag.

- Voor die oë van mense het Hy met sy liggaam van die aarde af na die hemel toe gegaan.
- Dit is die bewys dat Hy alle liggame – ook ons s'n – so van die aarde af na die hemel toe kan laat gaan.

Die feit dat die Here Jesus met sy liggaam hier weg is, beteken nie dat Hy daarmee van ons afgesny geraak het nie.

- Ons moet altyd onthou dat Jesus en die Vader en die Heilige Gees een Wese is – een God.
- Omdat Hy en die Heilige Gees Eenswesens is, is Jesus deur die Heilige Gees nog steeds by ons.

Dit is waarom daar in ons belydenis staan:

***... dat Hy ons sy Gees as waarborg na ons stuur, deur wie se krag ons seek wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie. (HK vraag 49).***

Kom ons gaan vir 'n oomblik terug na die gedeelte wat ons in Openbaring geles het. Wat moet ons met die beeld van die Leeu en die Lam maak?

- Die Leeu kom om te verskeur, want die tyd van genade gaan verby.
  - As die Here Jesus Christus op die wolke terugkom, gaan Hy beslis geen weerstand teen Hom duld nie.
  - Dan voltrek Hy die eindoordeel en maak Hy die finale skeiding tussen alle magte in die hemele en op die aarde.

- Die Lam het die versoeningswerk gedoen.
  - Hy het genade gegee aan almal wat glo.
  - Hy bid elke dag vir ons en Hy maak plek gereed waar Hy ons in die hiernamaals gaan ontvang.

Ons verwag nie meer die Lam nie. Sy werk is gedoen. Ons wag nou vir die Leeu wat die ewige lewe oor ons gaan laat aanbreek.

Kom ons kyk saam wat ons belydenis leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 18:

**Vraag 46: Wat verstaan jy onder: wat opgevaar het na die hemel?**

**Antwoord:** Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem (a) en Hy is vir ons daar ten goede (b) totdat Hy terugkom om reg te spreek oor die lewendes en die wat alreeds gesterf het (c).

(a) Hand 1:9; Mark 16:19; Luk 24:51: (b) Heb 9:24; 4:14; Rom 8:34; Kol 3:1. (c) Hand 1:11; Matt 24:30.

**Vraag 47: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons belooft het nie (a)?**

**Antwoord:** Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie (b), maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie (c).

(a) Matt 28:20. (b) Heb 8:4; Matt 26:11; Joh 16:28; 17:11; Hand 3:21. (c) Joh 14:18; Matt 28:20.

**Vraag 48: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?**

**Antwoord:** Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig (a). Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid (b) is, maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.

(a) Jer 23:24; Hand 7:49. (b) Kol 2:9; Joh 3:13; 11:15; Matt 28:6.

**Vraag 49: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?**

**Antwoord:** Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is (a). Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem (b). Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur (c) deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie (d).

(a) 1 Joh 2:1; Rom 8:34. (b) Joh 14:2; 17:24; 20:17 2:6. (c) Joh 14:16; 16:7; Hand 2:33; 2 Kor 1:22; 5:5 (d) Kol 3:1.

**Amen.**

Slotgebed.

## Skrifberyming 18-1:1, 2 (9:1, 2) (wysie Psalm 66)

- 1 Toe staar ek deur die wêreldnagte / – lighoogtes het my oog geboei –,  
en 'k sien uit alle mensgeslagte / 'n skaar, ontelbaar, saamgevloei.  
Hul staan, uit alle volke en lande, / nou voor die Lam en voor Gods troon,  
die vredespalmtak in die hande, / hul wit gewaad in eenvoud skoon.
- 2 Ek hoor hul stem die lug deurbewe: / “Die reddingseer,” so hef hul aan,  
“bring ons aan God, so hoog verhewe, / en aan die Lam wat by Hom staan!”  
En om die troon en ouderlinge, / en viertal wesens wonderbaar,  
sien ek in altyd wyer kringe, / oneindig ver, die eng'leskaar.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr MJ du Plessis**  
**Gereformeerde Kerk Clanwilliam**  
**Datum: 27 Julie 2014**